Om te bereken deur bewerkings te kies wat geskik is om probleme op te los*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 WISKUNDE

2 Gewone Breuke en Desimale Breuke

3 Desimale Breuke

4 OPVOEDERS AFDELING

5 Memorandum

INLEIDING

Daar is 5 modules:

1. Getalbegrip, Optelling en Aftrekking
2. Vermenigvuldiging en Deling
3. Breuke en Desimale Breuke
4. Meting en Tyd
5. Meetkunde; Datahantering en Waarskynlikheid

4 Dit is belangrik dat opvoeders die modules in volgorde (soos hierbo genoem) sal doen, aangesien die leerders die vorige module se kennis en vaardighede benodig vir die daaropvolgende module.

3. GEWONE EN DESIMALE BREUKE (LU 1; 2 EN 5)

LEEREENHEID 1 FOKUS OP GEWONE BREUKE

- Hierdie module is ‘n voortsetting van die werk wat in graad 5 gedoen is. Daar word uitgebrei op die optelling en aftrekking van breuke, en die berekening van ‘n breuk van ‘n sekere hoeveelheid word ook hersien.
- Maak seker dat die leerders die korrekte terminologie bemeester het, asook die korrekte strategieë om bogenoemde korrek te bereken.
- Kritieke Uitkoms 5 (Effektiewe kommunikasie deur visuele, simboliese, en/of taalvaardighede op verskillende maniere te gebruik) is hier van toepassing.
- 3 weke behoort voldoende te wees om hierdie module te voltooi.

*Version 1.1: Jul 31, 2009 7:35 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

- ** Aktiwiteit 17 is ‘n taak vir die portefeulje. Hoewel dit ‘n baie eenvoudige opdrag is, moet leerders in staat wees om dit netjies en akkuraat uit te voer. Leerders moet voor die tyd weet hoe opvoeders die taak gaan assesseer.

LEEREENHEID 2 FOKUS OP DESIMALE BREUKE

- Hierdie module is ‘n uitbreiding op werk wat in graad 5 afgehandel is. Leerders moet nou in staat wees om desimale breuke korrek af te rond tot die naaste tiende, honderdste en duisendste. Beklemtoon weer die korrekte metode om op te tel en af te trek (vertikaal). Gee ook baie aandag aan die vermenigvuldiging en deling van desimale breuke.
- Aangesien leerders laasgenoemde nogal moeiliker vind, kan 3 - 4 weke aan dié module spandeer word.
- ** Aktiwiteit 19 is ‘n taak vir die portefeulje. Die opdrag is baie eenvoudig, maar leerders moet in staat wees om dit netjies en akkuraat uit te voer. Leerders moet voor die tyd weet hoe opvoeders die taak gaan assesseer.

1.1 374,019
1.2 613,44
1.3 78,721
14 388,76
KOPKRAPPERS
2.4 200 ; 290 ; 3 ; 10,02 ; 2,1 ; 2,5 ; 3,02
3. Getalle in die vierkant is dubbel die getalle in die sirkel

6 LEERDERS AFDELING

7 Inhoud

7.1 AKTIWITEIT: Om te bereken deur bewerkings te kies wat geskik is om probleme op te los [LU 1.8.8]

1. Noudat jy weet hoe ons desimale breuke kan optel en aftrek, kan jy die volgende aktiwiteit aanpak. Werk op jou eie. Bereken die volgende sonder om ‘n sakrekenaar te gebruik:
1.1 208,96 + 32,459 + 132,6
1.2 458,843 + 56,397 + 98,2
1.3 143,96 – 65,239
1.4 541,23 – 152,47
2. **KOPKRAPPER!**
Kies enige getal in die sirkel.

- Tel 7,5 by.
- Verdubbel jou antwoord.
- Trek 15 af.
- Skryf jou antwoord in die vierkant.



Figure 1

- Doen presies dieselfde met elke ander getal in die sirkel.

3. Wat merk jy op as jy na al die antwoorde kyk?

7.1.1 TYD VIR SELFASSESSERING

Kleur die blokkie in wat waar is van jou:

KRITERIA				
Ek kan desimale breuke afrond tot een plek na die desimale komma. (LU 1.10)				
Ek kan desimale breuke afrond tot twee plekke na die desimale komma. (LU 1.10)				
Ek kan desimale breuke afrond tot drie plekke na die desimale komma. (LU 1.10)				
Ek kan die som van 2 of meer desimale breuke skat deur af te rond tot die naaste heelgetal. (LU 1.8)				
Ek kan die verskil tussen twee desimale breuke skat deur af te rond tot die naaste heelgetal. (LU 1.8)				
Ek kan desimale breuke korrek optel. (LU 1.8)				
Ek kan desimale breuke korrek aftrek. (LU 1.8)				

Figure 2

8 Assessering

Leeruitkomste 1: Die leerder is in staat om getalle en die verwantskappe daarvan te herken, te beskryf en voor te stel, en om tydens probleemoplossing bevoeg en met selfvertroue te tel, te skat, te bereken en te kontroleer.

Assesseringstandaard 1.8: skat en bereken deur geskikte bewerkings vir die oplossing van probleme in verband met die volgende te kies en te gebruik:

1.8.8 optel en aftrek van positiewe desimale met minstens 2 desimale plekke.